## ***ELJADA HUIS MSW***


MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK
Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont


28 Augustus 2014

Dagsê Almal

Ek trek weg by Farmwise gisteroggend en my trane loop vrylik want agter in die rooi kombi(**wat my baie moeilikheid gee)**, lê meer groente as wat ek van die Here gevra het. BAIE meer en tussen die trane besef ek die Here is weereens so groot dat niks by Hom onmoontlik is nie. Op die strokie staan 100% discount en ek lag vir myself oor my kleingeloof wat soms kop uitsteek. Dis maar goed niemand is saam met my nie want hulle sal dink ek is 'n hele paar varkies kwyt. Ek praat met Hom en sê dankie uit my hart uit.

Ek en Petro het verlede Donderdag by Farmwise deurgebring om te ervaar hoe groente op GROOTSKAAL verwerk en verpak word. Dit was 'n ervaring wat my lank sal bybly maar wat my veral opgeval het is die mooi gesindheid waarmee die mense werk. Dit begin natuurlik heel bo by Kobus en hy is duidelik 'n kind van die Here in hart, woord en daad. Dankie Kobus vir jou oop hand want die 100% discount se hoop groente is nou 'n weeklikse instelling. WOW

Ja die rooi kombi kry swaar en kos ons baie om aan die gang te hou. Sy ouderdom tel teen hom en die behoefte aan 'n nuwe en groter bussie is baie groot. Ek ry die mense hospitaal toe, kerk toe, binnelandse sake toe, gaan haal 2 keer per week 100 brode, groente, kruidenier wanneer nodig, soms selfs meubels en ander huishoudelike artikels en ek weet ek ry op geleende tyd. Die Here ken my hart en weet ons behoefte vir nie net 'n nuwe of beter bussie nie maar dalk ook 'n bakkie is groot. As iemand my met hierdie reuse behoefte kan help sal ek dit baie waardeer.

Saam hiermee wil ek ook vra vir groot houers(coolbox) wat gebruik kan word vir die verwerkte groente se vervoer. Die somer is byna hier en ons wil nie graag die groente onverkoel vervoer na hul bestemming nie. Ook "ice bricks" sal baie help. Verder het ons aanloop en eerste bestelling se werk die volgende dringende behoeftes uitgebring:

6 staal tafels, 20 kratte vir die groente wat eers gewas en dan verwerk word - sommige met gate en ander met geen gate, nette om die verwerkte groente toe te maak aangesien ons buite werk en 6 sterk staanwaaiers om die groente droog te maak.

Ons het verlede Donderdag teruggekom van Farmwise met 'n reuse klomp groente en Vrydag was 'n belewenis in en om die huis. Almal was vroeg op hul pos en skerp messe, skillertjies en bakke is uitgedeel om te begin. Ons was ook besig met 'n bestelling vir die gebedskussings en die huis was VOL met mense wat help. Ek het met groot verwondering op 'n stadium deur die huis en buitetoe gestap en die gegons van laggende stemme en borrellende opgewondenheid het my skielik omvou. Wat 'n vreugde en voorreg om dit te beleef want skielik is dit of elkeen iets het om na uit te sien, hul eiewaarde en selfbeeld het waarde gekry en ten spyte van sommige se gebreke het ons teen 6uur messe neergesit en dankie gesê dat ons dit reggekry het. Teen 8uur was die gebedskussings ook klaar en kon ek gaan aflewer. Petro en my se baie seer voete ten spyt het ons Maandag met dieselfde entoesiastiese met die mense gesels en gevra hoe hulle voel. Eenparig was die antwoord "Dis lekker". Werkskepping by Eljada Huis het 'n ander betekenis gekry en dit is beslis net genade van BO. Dankie Here.

Ons het die groentebestelvorm bygewerk met die idees wat voorgestel is en ons vra dus u ondersteuning met die nodige bestellings. Kyk gerus op ons webblad na die vorm en voorstelle en gedagtes is welkom. My bestelmandjie is leeg en ek sê nou alreeds baie dankie vir jul ondersteuning.

Eljada Huis groete. Annatjie.

***Debietorders vir 'n maandelikse bydrae kan nou voltooi word. Kontak my gerus.***

***Bankbesonderhede***
**Eljada Huis, Standard Bank, Montana,**
**Marketlink spaar, 044396058,**
**Bankkode 051001**

***NOODROEP VANUIT DIE ELJADA HUIS!!!!***

- **KOS – BAIE GROOT NOOD**
- **Toiletware – noodsaaklik om skoon te bly**
- **Plastiese sakke – groot en klein, bakke en bottels**
- **Melkkratte en ander kratte vir die groente projek.**
- **Baie groot en kleiner skottels, skerp messe(groot en klein) en skillertjies.**
- **Appelbokse – handig want hulle maak toe**
- **Plastiese tafeldoeke**
- **Groot tafels.**
- **Nuwe bussie en bakkie**